durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

6 Oktober 2019

## 6 Oktober 2019, Doop, Biddag Seniors; Bediening aan Jode

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 MATRIEKDiens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Bediening aan Jode**

Ons reik uit na individuele Jode met die evangelie van Jesus as Verlosser en is ook betrokke by die Messiaans-Joodse gemeente, Beit Ariel in die middestad van Kaapstad wat 'n geestelike tuiste vir Messiaanse Jode (Joodse Christene) skep.

## 13 Oktober 2019, Koninkrykstyd Predikante Waardering Sondag

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 MATRIEKDiens**
*Stehpanie Steenkamp*

**Deuroffer: Biblia/Hawesending**

## NUUS:

4-6 Okt: Vrouekamp
13 Okt: Predikante Waardering
13 Okt: Preekreeks: Koninkrykstyd
15 Okt: Doopkategese
17 Okt: Seniors Huisbesoektee
18 Okt: Uitreikgeleentheid
19 Okt: Betesda-mark
20 Okt: Biddg: Gesondheidsdienste
25 Okt: Gemeentekuier: Rib & Tjips




## ATIIE VAN WYK VAKANSIE-PROGRAM



Ds Johan Els: ***"Ons het 'n wonderlike geseënde week gehad by die Attie van Wyk vakansie-program."*** Dit het by die skool plaasgevind van 25 - 27 September. Die temas was: Wie is ek in Jesus. Hoe maak ek met bang? Hoe is ek' 'n groeie vriend vir ander. Twintig leiers het gekom van Durbanville Gemeente, Bergsig en Phisantekraal Hoërskool. Elke dag het 55 - 65 kinders die program bygewoon. Dankie vir almal wat gehelp en geborg het. Ons sê veral dankie vir Neospektrum, Durbanville Gemeente, Bergsig-Gemeente, Fair Cape, heerlike beskuit en Môrester en Middeltuin plase vir die skenk van vrugte.






## SENIOR HUISBESOEKTEE

Liewe Seniorlidmaat, al is dit vir ons onmoontlik om by elkeen persoonlik besoek af te lê wil ons tog saam met jul tyd spandeer.

Dit is tyd vir ons tweede Huisbesoek-kuiertee, dit vind plaas op Donderdag, 17 Oktober 2019, by NGK Bergsig om 10:00.

By die geleentheid verwelkom ons alle seniors wat gebore is in die jare 1939 tot 1943 (almal wat vanjaar 76 - 80 jaar oud word).

Indien jul kan saamkuier kan jul asb. die kerkkantoor laat weet voor of op 14 Oktober 2019 voor 12h00.

**LW alle gades wat buite die ouderdomsgroep val is welkom om saam te kuier.**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### LESOTHO GESINS TRIPPIE 5-15 DES 2019

Gesinne is welkom om met hulle eie voertuig saam te kom. Dit is die vierde keer wat ons gaan kuier in Lesotho. Ons is in 'n vennootskap met die Semonkong Children Centre (SCC) waar ons ondersteun en help tydens ons besoek.

Daar is nog plek vir twee seniorjeug tieniers om saam met ons te ry.

**Wat gaan dit kos per persoon?**

R 1000 vervoer & R 500 kos & R500 verblyf
R 500 paspoort en unabridged certificate, as jy nie het nie – nou aansoek doen.
R 500 sakgeld (hike / perdry / restaurant / warm stort)

Daar is darem ook tyd om lekker te ontspan en selfs op 'n Basotho ponie te ry. Gesinne kry kans om van die Basotho kultuur te leer op die uitstappie.

Kontak: Jaco van Vuuren 021 979 2225





## FCD Fisantekraal Centre for Development

Ons kon met groot dankbaarheid by die onlangse Jaarvergadering ons werksaamhede deel. Daar is so baie om oor dankbaar te wees, ons is oorweldig met hoe die Here die FCD bediening lei en vooruitgaan. Dankie ook vir julle – Bergsig speel n enorme rol in die FCD bediening en daarvoor is ons jul elkeen baie dankbaar.

Geen pad in die Koninkryk is sonder struikelblokke nie en so staar FCD ook 'n groot uitdaging in die gesig. Ons kyk na die Here vir uitkoms, maar daar is krag daarin om uit te reik na ons netwerke en hande te neem waar moontlik. Ons is onlangs op 'n baie onoffisïele wyse en met uiters kort kennisgwing ingelig deur die stad dat hul nie 'n voorneme het om ons 10 jaar huur (wat einde Nov verstryk) te hernu nie. Daar is baie korrespondensie heen en weer en ons is in verskeie gesprekke met die stad om ons saak te stel vir heroorweging aangesien die Taxi rank perseel so uiters ideaal is vir ons bedrywighede. Ons moet wel terselfdertyd dringend kyk na alternatiewe opsies en wil graag vra dat as julle enige voorstelle of kontakte het jul asb. kontak sal maak met ons. Dit is wel belangrik dat ons 'n perseel so naby aan moontlik aan die Durbanville vervoer hub het (sowat 1 km radius) en die huur natuurlik binne ons vermoëns sal wees.

Dankie dat ons ook in hierdie moeilike tyd op jul kan staatmaak vir ondersteuning, vanselfsprekend sal jul gebede vir spoedige uitkomste, uiters kosbaar wees.

Jane Gelderman +27 83 805 7042

## LOERIESFONTEIN DROOGTEHULP terugvoer

**Die Leraars en Kerkraad en Gemeente,**

Nogmaals baie dankie vir julle welkome bederfpakkies vir die vroue van ons gemeente. Julle sal nie weet hoeveel hierdie pakkies vir ons vroue beteken het nie. In die moeilike tye waar ook die vroue dikwels baie moet prysgee was die pakkies soos manna uit die hemel. Die vroue is so dankbaar en die briefie wat elke pakkie vergesel het, het vir ons vroue soveel beteken.

Dat julle ons vroue in die tyd op so 'n wonderlike manier kom bederf, is maar net weer 'n bewys van hoe belangrik die gemeenskap van gelowiges is. In die baie moeilike tyd was julle pakkies soos 'n vars briesie wat oor 'n dorre aarde waai en mens weer te midde van al jou vrae net weer laat besef het dat God mense vir mekaar gegee het om vir mekaar tot seën te wees.

Baie dankie spesiaal aan jou Annemaré en aan jou regterhand hier – Alba vir die wyse waarop julle alles georganiseer het. Dit word opreg waardeer.

Groete uit die Boesmanland en Hantam-wêreld. Mag julle as gemeente elke dag die hand van die Here sag op julle voel en mag julle elke oomblik bewus wees van die teenwoordigheid ook met julle eie en unieke uitdagings.
**Ds. Nico en Riana vd Westhuizen**
**Die Kerkraad en Gemeente van Loeriesfontein**

## Dankbare woorde uit Loeriesfontein ouetehuis

Hiermee wil ek, Martie Grobler van Loeriesfontein net sê: "baie, baie dankie vir my pragtige troetelsakkie wat ek ontvang het, ons Heer weet wat ons nodig het."

Alles in my pakkie, van tydskrifte, 'n pragtige dagstukboekie, lekkernye, room, sepies, potpourri en in die mooiste sakkie wat ek nog gesien het, was 'n bederf. Die meeste van my troetelartikels kon ek lankal nie meer bekostig nie, na my man se afsterwe aan kanker twee jaar gelede nie.

**U kan verstaan, dat ek as senior burger, soos 'n kalfie wou bokspring. Seënwense**

**Medewerkers aan die droogtehulp projek:** Bergsigvroue, Bergsiggemeente, Ilse Fritz, Annamaré Visser, Alba vd Merwe, Michiel & Magdalena Knoetze, Anonieme borge, skenkers, pakkers

## SOP-PROJEK

Ons is op soek na 'n nuwe sopkoördineerder. Ons koördineerder tree uit na vier jaar en ons soek iemand om haar bekwame skoene vol te staan.

Die persoon wat oorneem stuur soms whatsapps om reëlings te tref so elke vierde week, wanneer ons ongeveer 25 mense voed by die sopkombuis. Jy kook nie self die sop nie, daar is mense wat help kook. Ons ontvries en verhit die sop by die kerk.

Louise baie dankie vir jou liefde en omgee vir straatmense. Jou toewyding word opreg waardeer.

Bel Louise 0711577601 of Annamaré vir meer inligting.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za



Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

# Gebed

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Marius van Deventer | Nicestraat 6, 082 338 4119 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Ryka Kuyler | Palomino 7, 083 691 4421 | Knievervanging | Herstel en bemoediging |
| Jeanette Söhnge | La Gratitude 50, 021 975 3712 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Margeret Krige en kinders | Oatlands Plaas, 072 193 2672 | Man en pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Lynette van Niekerk en kinders | Occultdale, 021 972 1674 | Man en pa oorlede | Troos en bemoediging |
| Joe Matthasen | Botterblomstraat 55 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Alida Nel | La Gratitude Siekeboek | Hartomleiding | Herstel en bemoediging |
| Luan Gous | 2 Wild Olive Cres. 072 529 0207 | Dat dokters Luan se siekte sal kan diagnoseer | Herstel en bemoediging |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

**Ons verwelkom met bewys van lidmaatskap:**

Rhynard Francois Prins vanaf Wellington-Oos en Cara van Wyk (nou Prins) vanaf Humansdorp-Oos
Susan Groenewalt (nou Pieterse) vanaf Stellenberg
Yolandie Burger (nou Pretorius) vanaf Meyertonpark
Denzil David Minnaar vanaf VGK Durbanville
Francois Nicolaas Kasselman vanaf Leeu-Gamka
George Ernest Martin, Seugnet du Toit (nou Martin) en Lea Martin (dooplidmaat) vanaf Onrusrivier
Stephanus Francois Dreyer vanaf Ashton en Tesna Venter (nou Dreyer) vanaf Stellenbosch
Hendrik Lukas van Zyl vanaf George-Bergsig en Sharné Rossouw (nou Van Zyl) vanaf Worcester-Noord
Juan Scholtz, Magda de Kock (nou Scholtz) en Mia Scholtz (dooplidmaat) vanaf Kempton-Kruin
Wilhelm Treurnicht, Elréze Taljaard (nou Treurnicht) en James Travis Treurnicht vanaf Brackenfell-Proteahoogte
Miyré Irabella Ueckermann (dooplidmaat) vanaf Brandwacht
Catherina Esme le Roux (nou Kleyn) vanaf Stellenberg
André Huisamen, Chrisna Blaauw (nou Huisamen), Stephan en Jandré Huisamen (dooplidmate) vanaf Brackenfell-Wes
Johannes Marius Louw en Lilith Elizabeth van der Spuy (nou Louw) vanaf Langebaan
André Hanekom (dooplidmaat) vanaf Durbanville
Johan Francois Dobies en René Troost (nou Dobies) vanaf Monte Vista

Immergroen Ouerskap

www.immergroenouerskap.co.za

## Immergroen Ouerskapkursus

Ontwikkel deur Hettie Brittz

Die sewe weke kursus sal jou n beter begrip gee van die volgende:

- Die dissipelskapproses;
- Jou en jou kind se temperament;
- Die boustene van gesag;
- Groeiseisoene van jou kind;
- Jou as ouer se kweekstyl;

Die doel van die kursus is om ouers en kinders se harte na mekaar toe te draai.

**Datum**: 17 Oktober 2019- 28 November 2019

**Tyd**: Woensdae aande 18:30-21:00

**Plek**: 5 Aristea straat, Durbanville

**Kontak**: Junita 082 303 7330 (Immergroen fasiliteerder)

hugenote kollege

## Uitnodiging

Beste Gemeente,

Die Hugenote Kollege nooi voornemende studente en belangstellendes vriendelik na die Hugenote Kollege Opedag 2019 uit. Gryp die geleentheid aan om eerstehandse inligting oor ons kursusse vir 2020 te bekom. Ons opgeleide personeel staan gereed om u vrae te beantwoord wat u in staat sal stel om besluite oor u toekomstige studie- en beroepsrigtings te neem.

| | |
|---|---|
| Datum en tyd: | Saterdag 12 Oktober 2019 vanaf 09:00 tot 13:00 |
| Plek: | Hugenote Kollege, Kollegestraat 1, Wellington |
| Navrae: | 021 873 1181 of info@hugenote.com |




## IS JOU KIND DIGITAAL VEILIG?



**Sprekers:**

Nadine Blom, sangeres en skrywer

Zoné Janse van Rensburg, Arbeidsterapeut

Jacolien Kruger, Spraakterapeut

Almarie du Preez, Sangitem en seremoniemeester

Saterdag 12 Oktober 09:00 - 12:00

Stellenberg-gemeente, kleinsaal

R120 per persoon, sluit ligte ete in

Kontak: sos@stellenberg.co.za/ 021 9768029

Toesig vir kinders kan gereël word

SOS Stellenberg Ondersteuning Sentrum

## KREATIEWE FASILITEITE

Ons het drome vir ons kerk … dalk kan jy daarmee help.

**VIA MEMORIA GEDENKTUIN**

Ons wil baie graag die Via Memoria skoonmaak t.o.v. die dooie blomme hetsy vars, gebrande/verbleikde materiaal of draadblomme. Ons beplan om dit gedurende die eerste week in November te doen. Elke nissie huurder kan dit self doen of die kerk gaan dit dan doen. Ook versoek ons as blomme vervang word, dat jul asseblief net die blomme in 'n asdrom vir ons sal gooi en nie net in die paadjie nie.

**BINNE TUIN 18x2m (by klaskamertjies)**

Is hier dalk 'n borg vir klippies (fyn & rivierklip-grootte),om die agterste tuintjie meer waterwys te maak. Ons het 'n foto van wat ons ingedagte het. Ons wil die uitleg van die tuin met die bestaande plante aanpas.

**WENDYHUIS**

Het jy 'n netjies wendyhuis / tuin "shed" wat ongebruik staan in jou erf? Die kerk kan dit gebruik as stoorplek vir die tuingereedskap.

**POT VIR PLANTE / PLANTE / KLIPPIES / BAS ENS.**

Ons is altyd besig in ons tuin en gebou met plant en mooimaak. As enigie iemand ons daarmee kan help sal ons dit so waardeer.

**In liefde gaan ons dit aanwend soos ons goeddink**

**Kontak Charmaine by die kerkkantoor om te help.**

# DSH

Durbanville Senior's Hub

**Oggendtee ten bate van DSH.**
Saterdag 12 Oktober 2019 om 10:30

Bergsig Kerk,H/v Boland/Protea, Vierlanden
Spreker is Margie Chapman
**TEMA: Kom vier die lewe saam met ons**
Mans en Dames welkom teen R80 elk
Bel Marina 082 382 4280 om te bespreek

## Durbanville Senior Hub (DSH)

Durbanville beleef 'n groeiende gemeenskap van senior volwassenes wat na Durbanville beweeg, terwyl aftree-oorde duur is en tehuise oorvol is met jarelange waglyste.

### Visie

Om vanuit 'n omgee gesindheid seniors wat ondersteuning benodig by te staan.

### Doelwitstelling

Om seniors sovêr moontlik selfversorgend en aktief, met waardigheid, in hulle bekende omgewing te behou en vereensaming te verhoed.

### Aksieplan

Durbanville Senior Hub (DSH), wil 'n netwerk van kundige persone organiseer wat vanuit 'n goed ingerigte **Dagsorgsentrum**, 'n wye verskeidenheid ondersteunende dienste aan senior volwassenes beskikbaar stel teen bekostigbare fooie.

### Kernwaardes


Respek, Deernis, Diens

Kinders verantwoordelik vir hul senior ouers is ook welkom om die tee by te woon. Hierdie is 'n omgee inisiatief vir 'n vinnig veranderende wêreld in die seniorsorg omgewing.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

**EREDIENSTYE IN BERGSIG tydens SKOOLKWARTALE:**

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur lank
10:00 - 11:15 Informele Diens 1 uur en 15 minute
18:00—19:00 @6 Aanddiens 1 uur




### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.






**Bergsig se gemeentekuiers is baie gewild en dit is belangrik om vroegtydig jou kaartjie te bespreek en te betaal. Kaartjies moet ook vooraf afgehaal word by die kerkkantoor. Bring jou vriende, al is hulle nie van Bergsig–gemeente nie en kom kuier lekker saam.**


Oppad ruil Annamaré Visser nog 'n band ook om.

**Beste Bergsig vriendin,**

Ons het hierdie naweek basaar gehou op Loeriesfontein. Vol agenda en baie werk. Moeg na 'n baie besige naweek, ontvang ons vroue julle pakkies vanoggend na kerk …

Wat 'n fees en 'n lafenis.

Ek het 'n passie vir dekor, maar wanneer laas het ek 'n Tuis gekoop?!?!?!

Vir my het dit "gereën" vanmiddag!

Ek lê op hierdie Sondagmiddag lank uit, met 'n Tuis in my een hand en 'n blok fudge in die ander, SKUIM koffie langs my….SKATRYK!!

BAIE DANKIE, vir julle plakkie en briefie. Ek voel die liefde soos ek uitgepak het.

**Jy het 'n verskil gemaak - Liefde uit die Boesmanland.** Lees meer op bl. 2



Alba van der Merwe help die pakkies inpak.








**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za •
www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527